higher education & training

Department:
Higher Education and Training
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

NASIONALE SERTIFIKAAT

MEDIESE PRAKTYK N5

(Eerste vraestel)

(9090165)

3 Junie 2021 (X-vraestel)
09:00–11:00

Hierdie vraestel bestaan uit 5 bladsye.

196Q1J2103

Kopiereg voorbehou

DEPARTEMENT VAN HOËR ONDERWYS EN OPLEIDING
REPUBLIEK VAN SUID-AFRIKA

NASIONALE SERTIFIKAAT
MEDIESE PRAKTYK N5
(Eerste vraestel)
TYD: 2 UUR
PUNTE: 100

LET WEL: Indien jy meer as die vereiste getal vrae beantwoord, sal slegs die vereiste getal nagesien word. Trek alle werk dood wat jy nie wil laat nasien nie.

INSTRUKSIES EN INLIGTING

1. Beantwoord al die vrae in AFDELING A.
2. Beantwoord enige DRIE vrae in AFDELING B.
3. Lees al die vrae aandagtig deur.
4. Nommer die antwoorde volgens die nommeringstelsel wat in hierdie vraestel gebruik is.
5. Begin elke afdeling op ’n nuwe bladsy.
6. Gebruik slegs ’n swart of blou pen.
7. Skryf netjies en leesbaar.

Kopiereg voorbehou

AFDELING A

VRAAG 1

1.1 Kies ’n term uit KOLOM B om by ’n beskrywing in KOLOM A te pas. Skryf slegs die letter (A–L) langs die vraagnommer (1.1.1–1.1.10) in die ANTWOORDBOEK neer.

KOLOM A		KOLOM B	
1.1.1	Is vas aan ’n stuk hegtingsdraad	A	antihistamien
1.1.2	Hoë risiko van afhanklikheid	B	terapeutiese radiologie
1.1.3	Vir pynverligting	C	diuretika
1.1.4	Verlig allergiesimptome	D	sublinguaal
1.1.5	Verhoog die hoeveelheid urine	E	atroumatiese naalde
1.1.6	Onder die vel	F	amnioskopie
1.1.7	Behandeling van siekte met stralingsterapie	G	binneaarse piëlogram
		H	angiogram
1.1.8	X-straal van die niere, ureters en blaas	I	Skedule 7-middels
1.1.9	Prosedure om ’n monster amniotiese vog te verkry	J	subkutaan
		K	analgetika
1.1.10	Ondersoek van ’n fetus en die amniotiese vog in die laagste deel van die vrugwatersak	L	amniosentese

(10 × 2) (20)

1.2 Dui aan of die volgende stellings WAAR of ONWAAR is deur slegs ‘Waar’ of ‘Onwaar’ langs die vraagnommer (1.2.1–1.2.10) in die ANTWOORDBOEK neer te skryf.

1.2.1 Velprikke moet op areas uitgevoer word wat reeds letsels het.

1.2.2 ’n Lokum is ’n verpleër wat tydelik vir ’n dokter in ’n privaat praktyk instaan.

1.2.3 Die eed van Hippokrates verg van professionele praktisyns om onder eed te verklaar dat hulle spesifieke etiese standaarde sal handhaaf.

1.2.4 Passiewe immuniteit word tydens swangerskap van die moeder na die fetus oorgedra.

Kopiereg voorbehou

1.2.5 Baie ligte of kleurlose urine is ’n teken van dehidrasie.

1.2.6 Urine is gewoonlik troebel.

1.2.7 X-strale het lang golflengtes.

1.2.8 X-strale kan gebruik word om vreemde voorwerpe in die liggaam te vind.

1.2.9 Polsslag kan by die gewrig geneem word.

1.2.10 Temperatuur moet geneem word nadat die pasiënt ’n warm drankie gedrink het.

(10 × 2) (20)
[40]

TOTAAL AFDELING A: 40

AFDELING B

Beantwoord slegs DRIE vrae in hierdie afdeling.

VRAAG 2

2.1 Noem TWEE nadele van stralingsterilisasie. (2)

2.2 Lys VYF verskillende soorte monsters wat vir patologietoetse geneem kan word. (5)

2.3 Hoe sou jy iemand help wat op die grond neerval en spasmas en rukkings begin kry? (8)

2.4 Watter inligting moet vir elke pasiënt wat in ’n praktyk gesien word, opgeteken en bewaar word? (5)
[20]

VRAAG 3

3.1 Noem TWEE liggaamsdele waar temperatuur geneem kan word. (2)

3.2 Lys VYF verantwoordelikhede van ’n mediese kantoorbestuurder rakende reëlings vir ’n operasie. (5)

3.3 Watter verantwoordelikhede het ’n mediese kantoorbestuurder rakende die hantering van monsters wat na ’n patologielaboratorium gestuur moet word? (8)

3.4 Watter kenmerke verlang pasiënte na jou mening van ’n gesondheidsorgverskaffer? (5)
[20]

Kopiereg voorbehou

VRAAG 4

4.1	Lys SEWE eienskappe van ’n ideale ontsmettingsmiddel.	(7)
4.2	Hoe sou jy anafilaktiese skok hanteer?	(8)
4.3	Hoe kan dokters help om pasiënte in hierdie digitale era te bemagtig, waar die meeste pasiënte toegang tot die internet het?	(5)
		[20]

VRAAG 5

5.1	Lys SEWE besonderhede wat vereis word vir ’n geldige mediese sertifikaat.	(7)
5.2	Verduidelik hoe ’n vingerprik gedoen word.	(8)
5.3	Hoekom is ’n gesonde verhouding tussen dokter en pasiënt belangrik?	(5)
		[20]

TOTAAL AFDELING B: 60
GROOTTOTAAL: 100

Kopiereg voorbehou